



VOORWOORD

Die eerste nuusbrief van die 2016-kalenderjaar fokus op die volgende aspekte:

- Boodskap van die voorsitter
- Aanvang van die Wysigingswet op Belastingwette (T-dag)
- Voordeel- en projeksiestate soos op 31 Desember 2015
- Finansiële adviesdiens beskikbaar vir lede van 53 jaar en ouer
- Uitgestelde aftrede
- Beleggings
- Nuwejaarsvoornemens
- Retirement Fund Web – u USAF-toegangsportaal
- Reëlwysigings
- Die raad van trusteees
- Diensverskaffers van die fonds
- Belangrike kontakbesonderhede

Boodskap van die Voorsitter

Welkom terug. Ek vertrou dat u uitgerus en gereed is om die uitdagings van 2016 aan te pak.

Die jaar 2015 het ook sy sarsie uitdagings gehad, waarvan beleggingsopbrengste een van die grootste was. Die beleggingsopbrengs op die groeiportefeulje moet egter teen die agtergrond van die moeilike ekonomiese omstandighede beskou word. Volgens voorspellings sal hierdie omstandighede nie noemenswaardig gedurende 2016 verbeter nie.

Die beleggingsopbrengs op die groeiportefeulje moet egter in die konteks teen die agtergrond van die moeilike ekonomiese omstandighede beskou word.

Die verwagte swakker beleggingsopbrengste sal

Die nuwe belastingwetgewing, wat vanaf 1 Maart 2016 in werking tree (T-Dag), bied juis die geleentheid aan lede om meer vir aftrede op 'n belastinggunstige wyse te spaar.

lede se aftreevoordele op kort termyn wesenlik beïnvloed. Om 'n voldoende aftreevoordeel te verseker, sal lede dus meer vir hulle aftrede moet spaar.

Die nuwe belastingwetgewing, wat vanaf 1 Maart 2016 (T-dag) in werking tree, bied lede juis die geleentheid om op 'n belastingvriendelike manier meer vir hulle aftrede weg te sit.

Wees gerus in die wete dat die raad van trusteees daartoe verbind is om die fonds verantwoordelik en kostedoeltreffend te bestuur.

Voorspoed vir 2016.

Adv. Fran du Plessis
Voorsitter



Aanvang van die Wysigingswet op Belastingwette (T-dag)

'n Spesiale nuusbrieff oor T-dag is vroeër in Februarie uitgestuur. Die Raad op Finansiële Dienste het die reëlwyssing waarna die spesiale nuusbrieff verwys

intussen goedgekeur. Let asseblief daarop dat:

- bydraes tot aftreefondse (wat uittreeannuitiesfondse insluit) tot 27,5% van hetsy besoldiging

of belasbare inkomste, wat ook al die hoogste is, beperk word; en

- die belastingaftrekking tot R350 000 per jaar beperk word.

Voordeel- en projeksiestate soos op 31 Desember 2015

U voordeelstaat bevestig u fondswaarde soos op 31 Desember 2015, u USAF-bydraes van 1 Januarie tot 31 Desember 2015, sowel as u uittree-, sterfte- en ongeskiktheidsvoordele. Gaan asseblief die inligting op u voordeelstaat na en kontak Peter Kirsten (pkirsten@sun.ac.za) indien enige van die inligting verkeerd is. Die projeksiestate wat by u voordeelstaat ingesluit is, bied slegs 'n riglyn om die geskatte maandelikse pensioen op u normale aftreedatum te bepaal. Daarom is dit belangrik

dat u enige aftreebesluite in oorleg met 'n finansiële adviseur neem. Die werklike waarde van die maandelikse pensioen sal eers bepaal kan word wanneer u die pensioen by aftrede aankoop. Let asseblief daarop dat die geskatte maandelikse pensioen as 'n persentasie van u maandelikse pensioendraende inkomste weergegee word. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die pensioendraende inkomste wat vir die projeksies gebruik word vir die meeste personeellede 75% van koste van indiensname beloop.

Die aannames waarop die projeksiestate geskoei is, is dieselfde as dié wat die pensioenrekenaar ("retirement calculator") op Sanlam se Retirement Fund Web gebruik. Die projeksiestate van 31 Desember 2015 neem ook vir die eerste keer die mediesefondssubsidie ná aftrede, waarvoor sekere lede in aanmerking kom, in ag om die geskatte pensioen by aftrede te bereken. Dit is 'n waardevolle voordeel, wat duidelik 'n beduidende verskil aan u aftreeprojeksiestates maak.

Finansiële adviesdiens beskikbaar vir lede van 53 jaar en ouer

Die raad van trustees het besluit om die finansiële adviesdiens vir lede met ingang van 1 Januarie 2016 verder uit te brei. Lede van 53 jaar en ouer kry nou ook toegang tot die diens.

Lede wat daaraan dink om kapitaalbeskerming vanaf 53-jarige ouderdom toe te pas, word aangemoedig om van dié adviesdiens gebruik te maak.

Die vyf voorkeurdienverskaffers is soos volg:

Alexander Forbes finansiële beplanningskonsultante:
+27 (0) 21 809 3750 /
wesselsw@aforbes.co.za

Efficient Wealth
+27 (0) 21 914 8030 /
martin@efw.co.za

FinFocus:
+27 (0) 21 861 7000 /
usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:
+27 (0) 21 883 9192 /
arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:
+27 (0) 21 947 6025 /
kobus.swart@sanlam.co.za

USAF dek die koste van twee konsultasies by een van dié voorkeurdienverskaffers. Die eerste konsultasie kan in enige stadium vanaf 53-jarige

ouderdom plaasvind, en die tweede een wanneer u aftree. Vir gehaltebeheer word afskrifte van die advies aan die hoofbeampte voorsien. Dit is eenvoudig om van dié voordeel gebruik te maak. Volg bloot die stappe hieronder:

1. Besluit op 'n diensverskaffer.
2. Kontak Menslike Hulpbronne (Charné Pool by +27 (0)21 808 9271/ charnep@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te bekom.

3. Maak daarna 'n afspraak met u gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat u die diens mag gebruik.

Uitgestelde aftrede



Ons herinner u daaraan dat u nou u lidmaatskap van USAF ná aftrede by die Universiteit Stellenbosch kan voortsit. Indien u hierin sou belang stel, skakel met Peter Kirsten van die Afdeling Vergoeding en Voordele vir meer inligting.

Beleggings

Beleggingsopbrengste

Die tabel hieronder som die opbrengste op die groeiportefeulje tot en met 31 Desember 2015 op:

Tydperk	Opbrengs	Inflasie	Inflasie plus 5%	Portuurgroep-mediaan*	Portuurgroep-topkwartiel**
3 maande	4,12%	0,34%	1,57%	3,49%	4,56%
6 maande	1,80%	1,84%	4,31%	2,92%	4,18%
12 maande	6,01%	4,77%	9,77%	7,97%	9,98%
36 maande	14,39%	5,29%	10,29%	13,21%	15,09%
60 maande	14,17%	5,53%	10,53%	13,55%	14,82%

* Die portuurgroepmediaan verteenwoordig die beleggingsbestuurder wat die middelprestasie in sy portuurgroep gelewer het. Dit bied 'n aanduiding van hoe ander aftreefondse oor dié tydperk kon gevaar het. Die portuurgroepmaatstawwe word van die Alexander Forbes-opname afgelei.

** Die portuurgroep-topkwartiel verteenwoordig die beleggingsbestuurders wat beter as die oorblywende driekwart van hulle portuurgroep presteer het.

Die enkelsyferbeleggingsopbrengs op die groeiportefeulje gedurende 2015 is die direkte gevolg van die moeilike ekonomiese omstandighede. Ons raai lede aan om nie te veel klem op die korttermynopbrengste te lê nie en eerder op die langtermynopbrengste te konsentreer.

Die beleggingstrategie van die groeiportefeulje is steeds op die lang termyn gerig. Die beleggingsbestuurders pas deurentyd die onderliggende portefeuljes van die groeiportefeulje by die veranderende ekonomiese omstandighede

aan, en die beleggingskomitee gaan in oorleg met die beleggingskonsultante voort om die beleggingsbestuurders se opbrengste noukeurig dop te hou en enige nodige veranderinge aan te bring om markverwante opbrengste vir lede te verseker. Die vernaamste rede waarom die fonds in 2015 swakker as die mediaanprestasie van beleggingsbestuurders gevaar het, is omdat die buitelandse bestuurders albei swakker as hulle beleggingsmaatstaf gevaar het. Die trustees beskou hierdie onderprestasie in 'n ernstige lig en doen tans regstellende stappe. In tye van lae

beleggingsopbrengste is dit belangrik om kalm te bly en nie emosionele besluite te neem nie. Lede wat in die afsienbare toekoms sal aftree, word die meeste deur die laer opbrengste geraak.

Ons raai hierdie lede aan om van die finansiële adviesdiens gebruik te maak om hulle aftreeplanne by die veranderde omstandighede aan te pas.

Vir meer inligting oor die opbrengste van die onderliggende beleggingsportefeuljes sowel as beleggingsvooruitsigte vir 2016, gaan gerus na www.retirementfundweb.co.za en teken aan.

Nuwejaarsvoornemens

Dit is weer daardie tyd van die jaar wanneer ons oorgehaal is om gesonder te eet, meer te oefen en meer georganiseerd te wees. Met die oog op hierdie Nuwejaarsvoornemens sal lede dalk die volgende wenke nuttig vind om hulle geldsake beter te orden:

1. **Registreer op Retirement Fund Web**

Indien u nog nie op Retirement Fund Web geregistreer het nie, doen dit sommer nou. Met registrasie op Retirement Fund Web ontvang u direkte toegang tot u lidprofiel, waar u u fondskrediet kan nagaan wanneer u ook al die inligting benodig.

2. **Teken een keer per maand aan op die Retirement Fund Web**

Leer gerus die gewoonte aan om gereeld die Retirement Fund Web na te gaan en op hoogte te bly van die jongste fondsinligting en enige veranderinge wat u moontlik raak.

3. **Deel u Fondsinligting met u gesin**

Lees deur die jongste fondsoopsomming vir aktiewe lede wat verduidelik hoe die fonds werk, watter beleggings- en bydraeopsies beskikbaar is, en watter risikovooredele (sterfte en ongeskiktheid) geld. As u hierdie inligting met u geliefdes deel, sal hulle weet in watter mate die fonds na u en u gesin sal omsien, veral wanneer u nie meer kan nie. Dieselfde geld vir die voordeelstate wat u van die fonds ontvang – voorsien gerus ook hierdie inligting aan u gesin.

4. **Hersien u aftreeplan**

Maak seker dat u u aftreeplan minstens een keer per jaar hersien. 'n Goeie tyd daarvoor is wanneer u die jaarlikse voordeel- en projeksiestate ontvang. Moenie vergeet dat u ook elke jaar u bydraekoers kan hersien nie.

Ons raai u ook aan om van die finansiële adviesdiens gebruik

te maak sodra u daarvoor in aanmerking kom (vanaf 53-jarige ouderdom).

5. **Hou u benoemings op datum**

Dit is belangrik om u geregistreerde afhanklikes en benoemdes bygewerk te hou (op die Oracle-selfhelpplatform) omdat dit die trustees 'n aanduiding bied van hoe u voordeel verdeel behoort te word indien u onverwags sou sterf. U fondsvoordeel word nie volgens die bepalings van u testament uitbetaal nie, aangesien dit onder die Wet op Pensioenfondse val. Die aanvang van 'n nuwe jaar is 'n ideale tyd om u benoemdes te hersien, veral as u onlangs getroud is, 'n baba ryker geword het, of dalk geskei is.

Ons hoop die wenke hierbo sal u help om u geldsake in 2016 agtermekaar te kry.

Retirement Fund Web, u toegangsportaal tot USAF

Retirement Fund Web bied u voltydse toegang tot u eie fondsinligting. Wanneer u op Retirement Fund Web aanteken, kry u kennis van enige nuwe inligting wat beskikbaar is.

Retirement Fund Web bied u toegang tot:

- die pensioenrekenaar (“retirement calculator”);
- u fondswaardes en voordeelstaat;
- 'n lidmaatskapsertifikaat;
- die maandelikse beleggingsverslag van die fonds;
- die kwartaallikse opsomming van die groeiportefeulje; en
- ander fondsinligting.

Hoe verkry ek toegang tot die webwerf?

Gaan bloot na <https://www.retirementfundweb.co.za/>, waar u kan registreer of aanteken.

Reël wysigings

Drie wysigings is gedurende die finansiële jaar 2015 aan die fondsreëls aangebring.

Reël wysiging 5 het die omskrywing van normale aftreeouderdom met lede se dienskontrakte versoen, en maak voorsiening vir uitgestelde aftrede. Die reël wysiging is op 20 Oktober 2015 geregistreer en goedgekeur.

Reël wysiging 6 handel oor die aftreereserwerekening. Slegs lede wat hulle beleggings van die Pensioenfonds vir Geassosieerde Instellings na USAF oorgeplaas het, het waardes in die aftreereserwerekening. Reël wysiging

6 is op 7 Januarie 2016 geregistreer en goedgekeur. Dit bepaal dat die betrokke lede se waardes op 60-jarige ouderdom verreken word en op die verrekeningsdatums na die normale fondskrediet oorgedra word. Lede wat deur dié verandering geraak word, sal 'n skrywe ter verduideliking ontvang.

Reël wysiging 7 hou verband met die bydraestruktuur, en maak vanaf 1 Maart 2016 voorsiening vir ses nuwe bydraekategorieë bo die bestaande maksimum van 20%. Die reël wysiging is op 28 Januarie 2016 geregistreer en goedgekeur, en stel lede in staat om hulle USAF-bydraes op 'n belastingvriendelike wyse te verhoog.



Die Raad van Trustees

'n Vorige nuusbrieff het die pligte en verantwoordelikhede van die raad van trustees verduidelik. Kom ons stel u nou bekend aan die trustees:

Naam	Hoedanigheid	Agtergrond	Huidige termyn verstryk
Adv Fran du Plessis	Voorsitter en werkgewer- verteenwoordiger	Adv Du Plessis is 'n geoktrooieerde rekenmeester en dien in verskeie maatskappydireksies. Sy dien sedert 1 Maart 2013 as 'n trustee.	29 Februarie 2019
Prof Tobie de Coning	Werkgewerverteenwoordiger	Prof De Coning is Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne, en dien sedert 1 Maart 2014 as 'n trustee.	28 Februarie 2017
Prof Johann de Villiers	Werkgewerverteenwoordiger	Prof De Villiers is verbonde aan die Departement Ondernemingsbestuur en dien sedert 1 November 2000 as 'n trustee.	31 Oktober 2018
Mnr Le Roux Burrows	Werknemerverteenwoordiger	Mnr Burrows is verbonde aan die Departement Ekonomie en dien sedert 24 Julie 2002 as 'n trustee.	6 Desember 2016
Prof Wikus van Niekerk	Werknemerverteenwoordiger	Prof Van Niekerk is verbonde aan die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies, en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n trustee.	6 Desember 2016
Mnr Robert van Staden	Werknemerverteenwoordiger	Mnr Van Staden is die fakulteitsbestuurder van die Fakulteit Opvoedkunde en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n trustee.	6 Desember 2016
Prof Johann van Rooyen	Werknemerverteenwoordiger	Prof Van Rooyen Villiers is verbonde aan die Departement Ondernemingsbestuur en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee.	6 Desember 2016
Mev Gretchen Arangies	Werknemerverteenwoordiger	Mev Arangies is Hoof: Bestuursdienste van die Bellvilleparkkampus en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee.	6 Desember 2016
Mnr Manie Lombard	Werkgewerverteenwoordiger	Mnr Lombard is Hoofdirekteur: Finansies en dien sedert 5 Mei 2011 as 'n trustee.	4 Mei 2017
Prof Niel Krige	Werkgewerverteenwoordiger	Prof Krige is Voorsitter van die Ontwikkelingskantoor en dien sedert 18 November 2005 as 'n trustee.	17 November 2017
Dr Mike Lamont	Sekunde werknemerverteen- woordiger	Dr Lamont Villiers is verbonde aan die Departement Ondernemingsbestuur, en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n sekunde.	6 Desember 2016

Mnr Japie Kotzé dien as hoofbeampte. Mnr Kotzé is 'n direkteur in die Afdeling Menslike Hulpbronne en beklee sedert 1 Desember 2012 die pos van hoofbeampte.

Diensverskaffers van die Fonds

Die raad van trustees het die volgende diensverskaffers aangestel om met die bestuur van die fonds te help:

Diensverskaffer	Diens	Funksies wat verrig word
Simeka Konsultante & Aktuarisse	Voordeel-, beleggings- en aktuariële advies	<ul style="list-style-type: none"> • Advies ten opsigte van die fonds se voordeelstruktuur en veranderinge in wetgewing. • Markvergelings om te verseker dat markverwante tariewe vir versekering betaal word. • Hulp om met lede te kommunikeer. • Die samestelling van sakelyste en die notulering van vergaderings van die raad van trustees. • Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurstoetsig. • Hulp met die opstel van 'n beleggingstrategie en -beleid. • Hulp met die aanwysing en evaluering van beleggingsbestuurders. • Die opstel van maandelikse beleggingsverslae. • Die opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardasie om die fonds se finansiële gesondheid te bepaal.
Sanlam Aftreefonds-administrateurs	Fondsadministrasie	<ul style="list-style-type: none"> • Die maandelikse vaslegging van bydraes. • Oorplasing en onttrekking van fondse na/van die batebestuurders. • Betaling van eise. • Uitreiking van voordeelstate. • Daaglikse boekhouding en voorbereiding vir die opstel van die finansiële jaarstate.
ABSA Bank	Bankiers	<ul style="list-style-type: none"> • Alle fondstransaksies vloei deur die fonds se bankrekening.
Ou Mutual	Versekeraar	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker die beloofde sterftevoordeel (gade- en kinderdekking) in die fondsreëls.
Allan Gray Orbis Contrarius Coronation Prudential Investment Solutions	Batebestuurders	<ul style="list-style-type: none"> • Bestuur van die fondsbeleggings volgens die mandaat waarvoor met die raad van trustees ooreengekom is.

Belangrike kontakbesonderhede

Indien u meer inligting oor USAF nodig het, kan u die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die Voordeelkonsultant kontak. Tree asseblief met die hoofbeampte in verbinding indien u enige klagtes aangaande USAF het.

Hoofbeampte

Japie Kotze

Tel: (021) 808 2754

Faks: (021) 808 2484

E-pos: jjsk@sun.ac.za

Voordeelkonsultant

Ian Nieuwoudt

Tel: (021) 912 3315

Faks: (021) 912 3341

E-pos: ian@simekaconsult.co.za

Vergoedings- en Voordele-afdeling

Peter Kirsten

Tel: (021) 808 3740

Faks: (021) 808 2484

E-pos: pkirsten@sun.ac.za

Pensioenfondsbereger (PFB)

E-pos: enquiries@pfa.org.za

Lede kan die PFB nader indien die fonds nie hulle klagtes na wense hanteer het nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede.

